KANTOOR VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER
BERGRIVIER MUNISIPALITEIT
POSBUS 60
PIKETBERG
7320

# NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 17 MAART 2016 OM 15:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdl E Manuel | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdl Me S Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh A De Vries | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdh R Van Rooy | [COPE] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv H Linde | - | Munisipale Bestuurder |
| Mnr J Kotzee | - | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr H Kröhn | - | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr J van Niekerk | - | Direkteur Finansiële Dienste |
| Me A van Sittert | - | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr N Scheepers | - | Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste |
| Me C Cloete | - | Klerk: Komiteedienste |

AKSIE

**BKN001/03/2016**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter open die vergadering met gebed, waarna hy almal by die vergadering verwelkom. 'n Spesiale gelukwensing word gerig aan die Direkteur Korporatiewe Dienste met sy verjaardag op Woensdag 16 Maart 2016.

***

**BKN002/03/2016**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Me J Erasmus (ander verpligtinge)

***

**BKN003/03/2016**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange, met betrekking tot enige item op die agenda, het nie.

***

**BKN004/03/2016**
**BEKRAGTIGING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING: DINSDAG 23 FEBRUARIE 2016**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die vergadering gehou op Dinsdag 23 Februarie 2016 bekragtig word.

***C CLOETE: KOMITEE DIENSTE***

***

**BKN005/03/2016**
**VERKLARINGS/MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER**
**3/3/1/6**

Die Voorsitter en die Munisipale Bestuurder doen die volgende verklarings / mededelings:

- Die Voorsitter maak melding dat hy en die Munisipale Bestuurder hul "roadshows" afgesluit het, waar hul personeel bedank het vir hul uitstekende dienslewering en daardeur aan Bergrivier Munisipaliteit die toekenning besorg het as die derde beste munisipaliteit in die land. Hy bedank almal vir hul harde werk en deursigtigheid.
- Die Munisipale Bestuurder meld dat Me Magda Verhoog (werksaam by Porterville Biblioteek) in die hospitaal opgeneem is. Sy meld dat 'n ruiker vanaf Bergrivier Munisipaliteit aan haar gestuur is.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN006/03/2016**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN007/03/2016**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN008/03/2016**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: TOEKOMS VAN STRANDOORDE *(BYLAE A)***

Die Munisipale Bestuurder gee kortliks agtergrond oor die item te wete:

- Dat 'n verslag saamgestel en uitgestuur is aan die Burgemeesterskomitee met betrekking tot die toekoms van die strandoorde; en
- Dat die verslag 'n samestelling is van die Direkteur Korporatiewe Dienste en Bestuurder: Strategiese Dienste se onderskeie ondersoeke en dat die item in diepte bespreek word by item 015.

***

**BKN009/03/2016**
**TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: JAARVERSLAG: 2014/2015**

Die Munisipale Bestuurder meld vir kennisname:

- Dat geen insette ontvang is van die publiek met betrekking tot die jaarverslag nie;
- Dat 'n skrywe ontvang is van Provinsie met betrekking tot die terugvoering van die jaarverslag en dat dit aan die Burgemeesterskomitee ter tafel gelê word; en
- Dat die jaarverslag baie positief is en bedank die Bestuurder: Strategiese Dienste en haar span vir die harde werk en goeie jaarverslag.

***

**BKN010/03/2016**
**DERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER:"FLOW" – PROJEK: ECO LOGIC AWARDS**

Die Munisipale Bestuurder lig die komitee in.

- Dat Bergrivier Munisipaliteit 'n finalis is vir die Eco Logic Awards; en
- Dat die seremonie op Donderdag 21 April 2016 plaasvind.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN011/03/2016**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: JANUARY 2016**
**9/1/2**

Councillor S Crafford gave a summarized background of the item under discussion.

**RECOMMENDATION: TO BE NOTED BY THE COUNCIL**

That the Monthly Budget Statement: January 2016 be noted.

***

**BKN012/03/2016**
**NOTULES VAN DIE WYKSKOMITEES VIR KENNISNAME: JANUARIE / FEBRUARIE 2016**
**3/2/1/3**

Die Burgemeesterskomitee neem kennis van die notules van die wykskomitees vir Januarie / Februarie 2016, soos voorgelê

***

**BKN013/03/2016**
**EERSTE ITEM VIR BESPREKING: KONSEPBEGROTING 2016/2017**
***(elektronies versprei BYLAE B)***

Die Portefeulje Voorsitter van die Finansiële Dienste lei die item in met betrekking tot die konsepbegroting 2016/2017.

Die Direkteur Finansiële Dienste gee 'n breë opsomming met betrekking tot die tariewe vir 2016/2017 en meld dat die onderstaande wysigings in die Tariefbeleid aangebring word:

**A: Water**

- Dat die huidige tarief van 20% vir besparingsmaatrëel aanvaar word.

**B: Riool**

- Dat die **punt geskrap** word en hanteer word op meriete, indien riool-verstoppings op privaat erwe voorkom.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

**C: Begraafplaas**

- Dat bykomende tariewe met betrekking tot die begraafplaastariewe aanvaar word.
    - Bespreek van grafperseel: **(skrap)**
    - Oopmaak van duplex graf
    - Toemaak van duplex graf
    - Addisionele uitgrawing vir uitbou van graf

**D: Strandoorde**

1. Dat die seisoen beskou word as die periode 12 Desember tot 08 Januarie asook Paasnaweek;
2. Dat die volle bedrag vir bespreking vir Desember/Januarie moet teen 31 Augustus betaal wees. Spesiale versoeke vir uitstel moet skriftelik aan die Bestuurder: Gemeenskapsdienste gerig word vir goedkeuring of afkeuring deur die Direkteur: Korporatiewe Dienste;
3. Dat 'n verpligte nie-terugbetaalbare aansoekfooi van ***R170*** vir alle besprekings vir Desember/Januarie en Paasnaweek betaalbaar is. Indien die aansoekfooi nie betaal is nie sal die aansoek nie oorweeg word nie;
4. Dat 15% korting vir **pensioenarisse** in die buite seisoen;
5. Dat **punt 5 geskrap** word;
6. Dat 'n standaard afslag van 10% word buite seisoen toegestaan aan groepbesprekings van ses(6) of meer huisies/persele en vyf(5) ronddawels;
7. Dat **punt 7 geskrap** word;
8. Dat **punt 8 geskrap** word;
9. Dat **punt 9 geskrap** word;
10. Dat Terugbetalings – Geen terugbetalings, want die kansellasie beleid is van toepassing; en

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

11. **Kansellasie beleid**:

- Nie-aankoms: 100% van besprekingsbetaling
- Uitboek voor vertrekdatum: Geen terugbetaling (ingesluit sterftes en siektes)
- Kansellasie binne 7 dae van aankomsdatum: 80% van besprekingsbetaling
- Kansellasie meer as 7 dae van aankomsdatum: 50% van besprekingsbetaling

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

**RECOMMENDATION: COUNCIL RESOLUTION**

1) The Council of Bergrivier Municipality, acting in terms of section 24 of the Municipal Finance Management Act, (Act 56 of 2003) approves and adopts:

a) The annual budget of the municipality for the financial year 2016/17 and the multi-year and single-year capital appropriations as set out in the following tables:

i) Budgeted Financial Performance (revenue and expenditure by standard classification) – Table A2;

ii) Budgeted Financial Performance (revenue and expenditure by municipal vote) – Table A3;

iii) Budgeted Financial Performance (revenue by source and expenditure by type) – Table A4; and

iv) Multi-year and single-year capital appropriations by municipal vote and standard classification and associated funding by source – Table A5.

b) The financial position, cash flow budget, cash-backed reserve/ accumulated surplus, asset management and basic service delivery targets are approved as set out in the following tables:

i) Budgeted Financial Position – Table A6;

ii) Budgeted Cash Flows – Table A7;

iii) Cash backed reserves and accumulated surplus reconciliation – Table A8;

iv) Asset management – Table A9; and

v) Basic service delivery measurement – Table A10.

2) The Council of Bergrivier Municipality, acting in terms of section 75A of the Local Government: Municipal Systems Act (Act 32 of 2000) approves and adopts with effect from 1 July 2016:
a) the tariffs for property rates,
b) the tariffs for electricity,
c) the tariffs for the supply of water
d) the tariffs for sanitation services
e) the tariffs for solid waste services

3) The Council of Bergrivier Municipality, acting in terms of 75A of the Local Government: Municipal Systems Act (Act 32 of 2000) approves and adopts with effect from 1 July 2016 the tariffs for other services as contained in the tariff list included in the budget document.

4) To give proper effect to the municipality's annual budget, the Council of Bergrivier Municipality approves:

a) That cash backing is implemented through the utilisation of a portion of the revenue generated from property rates to ensure that all capital reserves and provisions, unspent long-term loans and unspent conditional grants are cash backed as required in terms of section 8 of the Municipal Budget and Reporting Regulations.

b) That the municipality be permitted to enter into long-term loans for the funding of the capital programmes in respect of the 2016/17 financial year limited to an amount of R6.750 million in terms of Section 46 of the Municipal Finance Management Act.

c) That the Municipal Manager be authorised to sign all necessary agreements and documents to give effect to the above lending programme. Page 2

5) The following policies was reviewed and the Council of Bergrivier Municipality, acting in terms of section 24 of the Municipal Finance Management Act, (Act 56 of 2003) approvesand adopts the following existing policies:

a) Asset management policy
b) Cash Management and Investment policy
c) Credit control and Debt collection policy
d) Property Rates policy
e) Tariff policy
f) Virement policy
g) Property Rates Bylaw
h) Supply Chain Management policy
i) Borrowing Policy
j) Funding, Reserves and Long Term Financial Planning Policy
k) Budget Implementation and Monitoring Policy

***

**BKN014/03/2016**
**<u>TWEEDE ITEM VIR BESPREKING: BELEIDSDOKUMENTE 2016/2017</u>**
***(Dokumente word visueel vertoon BYLAE C)***

Die Direkteur Finansiële Dienste gee agtergrond met betrekking tot die begrotingsbeleide en vertoon visueel enkele wysigings.

**A. <u>TARIEFBELEID</u>**

- Dat kosmetiese veranderinge aangebring is.

**B. BELASTINGBELEID**

- Dat die beleid ooreenstem met die belastingverordening; en
- Dat die bykomende korting vir landbou bygevoeg is.

**C. KREDIETBEHEER EN SKULDINVORDERINGSBELEID**

- Die Direkteur Finansiële Dienste meld dat, indien die deerniskerf aangepas word, verdere debatte hieroor gevoer moet word.

**D. KONSEPBEGROTING: 2016/2017 FINANSIËLE JAAR**

Die Direkteur Finansiële Dienste meld dat die ***surplus op die bedryfsbegroting 2016/2017 R 9,110*** beloop, waarvan die algemene tariefverhoging 6%, belasting en elektrisiteitsverhoging 8% en eiendomsbelasting 6% is.

**Besluit:**

1. Dat die konsep Bedryfsbegroting 2016/2017 elektronies aan al die lede van die Burgemeesterskomitee gestuur word; en
2. Dat die skeiding van posnommers met betrekking tot Strandoorde nie deur die Burgemeesterskomitee oorweeg word nie, as gevolg van addisionele administratiewe werk en mag dit nie geïmplementeer word in die finansiële jaar 2016/2017.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN015/03/2016**
**DERDE ITEM VIR BESPREKING: TOEKOMS VIR STRANDOORDE**
***(Dokumente word visueel vertoon)***

Die Munisipale Bestuurder gee ‘n breedvoerige opsomming van die item onder bespreking.

Die Direkteur Korporatiewe Dienste en Bestuurder: Strategiese Dienste lig die verslae verder toe.

Na ‘n intensiewe gesprek met uiteenlopende opinies/voorstelle word die onderstaande besluit geneem, naamlik:

**Besluit:**

1. Dat die Burgemeesterskomitee in beginsel die strategiese rigting goedkeur vir Pelikaan Strandoord soos uiteengesit in Opsie 1; en

| Option | Activity | Timeframe | Responsible person | Financial mplications |
|---|---|---|---|---|
| Option 1 | Outsource the resort on a 30 year lease period given the conditions of no alienation/selling of land | April 2016 | Community Services | Annual income in leasing the land. Upgrading the risk of developer. |

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

2. Dat die Bestuurder: Strategiese Dienste finansiële modelle van al die opsies saamstel en wat die voordeligste is vir Bergrivier Munisipaliteit aan die Burgemeesterskomitee voorlê.

***BESTUURDER: STRATEGIESE DIENSTE***

***

**BKN016/03/2016**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKKENINGSKOMITEE VIR KENNISNAME: FEBRUARIE 2016**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN017/03/2016**
**IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN018/03/2016**
**IN KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN019/03/2016**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING/KENNISNAME**

Geen

***

**BKN020/03/2016**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING/ KENNISNAME**

Geen

***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 16:55*

***BEKRAGTIG AS 'N WARE WEERGAWE VAN DIE VERRIGTINGE***

__________________________ __________________
***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***